# Hoofstuk van die dag: Psalm 9 en 10

> *Die Here is Koning vir altyd en ewig; nasies verdwyn uit sy land. (Ps 10:16, AFR20)*

Psalm 9 en 10 is eintlik een lied wat in twee verdeel is. Die twee dele saam vorm ’n akrostiese psalm (die eerste reëls van

elke vers volg alfabeties op mekaar); Psalm 9 van A tot K, en Psalm 10 van die letter L en verder. Daar is dus ook geen opskrif by Psalm 10 nie; dit volg gewoon op Psalm 9. In die AFR20 kan ’n mens dit mooi sien. Daarom is dit goed om die twee psalms as een te lees.
Die digter is in hierdie lied besig om te worstel oor die vraag van God se teenwoordigheid, en soms skynbare afwesigheid, te midde van die nood van elke dag. Ps 9 begin met ’n kragtige belydenis dat God in beheer is en op die troon is as ’n regverdige regter (9:5b). Die psalm eindig met ’n pleitgebed dat God daarom sal ingryp op aarde (9:21-22). In die tweede helfte van die lied (Ps 10), beskryf hy dan die goddelose se optrede (10:2-11) en pleit weer eens dat God sal ingryp (10:12-15).
Die lied eindig (10:16-18) waar dit begin het: God is Koning. Hý bring die onrustige hart tot rus.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026